Die Ryk van die Lewe

Inhoudsopgawe

Deel 1 **Liefde in My**
Een met My
Drie-eenheid
Die drie-eenheid in God en mens
JaHshua as Seun
Doen My Wil en jy sal Lewe
Die lewe (in die lig van die liefde)

Deel 2 **Wassing deur My**
Deur My gewas
Die doop of wassing
Dra jou las tot omvorming van jou werke
Laat My Woord die Lig wees
Die volle wapenrusting
Skuldgevoel

Deel 3 **Versoening met My**
My beeld
Die Vierkleur in jou
Die Vierkleur sál weer wapper!

Deel 4 **Woord uit My**
My Woorde
Seën van Jahshua

Deel 1

Liefde in My

Rooi, die kleur vir Liefde

Hierdie werk bring Ek aan My Volk met die oog op veredeling van hulle diepste wese in die Waarheid. Die vier hoeke van enige vaste vorm is die pilare waarop daar gebou gaan word en daarom moet My knegte, wat omvorm tot waardige huisbewoners in My Ryk, die vier fondasies in hulleself vind om My as pilaar daar op te rig. Verenig eerstens met My in die Liefde en vind só die Lewe in My. Amein.

Een met My

Deur JaHshua aan Nalize gedikteer op 9/5/09

In die Naam van die Koning, die Man van Nasaret, stuur Ek hierdie kneg met die opdrag om My Volk te salf in My Naam, Jahshua.

Ek, alleen, is die Skepper, Formeerder en Ewige Heerser en daarom ook Losser en Verlosser om My Volk tot Lewe te roep. In hierdie eenheid van Vader en Seun wil Ek trou sweer en almal aan My bind, wat vrywillig die eed van verloëning of kruisiging tot My wou aflê. Die tyd is ryp vir elkeen en almal wat My Lig in hulle dra, om die ewigheid in te stap en deel te word van ‘n groep wat sal arbei tot die Son hiér ondergaan.

Die Son sal nooit as te nimmer in die ewigheid ondergaan en daarom sal My Woord ook ewig bly staan: ‘Kom, almal wat vermoeid is en Ek sal julle rus gee.‘ Ek is die rus, die vrede, die Liefde en geluksaligheid. Vind dit in die seën oor jou, vind dit in My Naam. EK IS Een, soos julle en julle in My. Amein.

Drie-eenheid

Deur JaHshua aan Johan gedikteer 7/5/09

Die slimgeleerdes onder die Boerevolk, julle wat besig is om die volk te mislei, dink julle dat julle wys is wanneer julle die mense leer om ‘n driekoppige God te eer, so al asof die God die redding gaan bied?!

Julle praat van die Vader, die Seun en die Gees. Dit is reg. Vir wie moet daar nou gevra word vir materie, of wat ook al? Is dit vir “die Vader”? Hy is mos die Hoof! Wat gaan die Seun en die Gees dan nou sê, want hulle is ook Gode? Ek is nie ‘n drie-koppige God nie! Ek is alleen die Skepper van hemele en aarde en totaal in beheer van alles. Julle mensekinders is ook drie in een - liggaam, siel en gees.

Ons kyk na ‘n vuur: Daar is ook drie faktore, naamlik die hout, die vlamme en die rook. Dit is drie, daaruit kry jy lig, hitte en energie; dit kan gebruik word om voedsel voor te berei, ens. Hier het ons nou twee keer drie gekry van een item af, naamlik die vuur.

Hitte	**Vader**	**Liefde**
Lig	**Seun**	**Lig**
Energie	**Gees**	**Lewe**

Jes 44:6 *So sê JaHWeH, die Koning van JisraEl en Sy Losser, JaHWeH van die skeppings-leërmag: Ek [is] die Eerste, en Ek [is] die Laaste, en buiten My is daar geen Elohim nie.*

1Joh 5:7 *Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een;*

1Joh 5:8 *en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig.*

Jes 48:17 *So sê JaHWeH, jou Losser, die Aparte Een van JisraEl: Ek - JaHWeH jou Elohey, leer jou wat Reg is, lei jou op die Weg wat jy moet gaan.*

Joh 1:1 *IN die begin was die Woord, en die Woord was by die Elohim, en die Woord was Elohim.*

Joh 10:30 *Ek en die VADER is een.*

Exo 3:14 *En Elohim sê vir Moshè: EK IS WAT HY (EK) IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van JisraEl antwoord: EK IS het my na julle gestuur.*

Ek, Jahshua, met baie Liefde.

Amein.

*Vervolgens ietwat oor die begrip van die Drie-eenheid van die Godheid wat so dikwels misverstaan word deur die mensdom. Hiermee wil ons graag die denke van die drie-persoonlikheid van die Godheid uit die weg ruim, want God sê self dat Hy Een is (**Deut 6:4**).*

Die drie-eenheid in God en mens

(Aanhalings uit “Die Groot Evangelie van Johannes” - Boek 6 - Hoofstuk 230)

(**JaHshua**) 'Maar wat julle nou sal hoor, moet julle voorlopig vir julleself hou en nie voortydig rugbaar maak nie! Wanneer die korrekte tyd egter daarvoor aangebreek het, sal julle dit deur My Gees, wat die eintlike Heilige Gees is, wel in julle self opmerk.

[2] Die Vader, Ek as Seun en die Heilige Gees is herkenbaar van ewigheid af één en dieselfde.

[3] Die Vader in My is die Ewige Liefde en as sodanig die oergrond en die eintlike oerstof van alle dinge, wat die hele ewige oneindigheid vervul.

[4] Ek as Seun, is die Lig en die Wysheid, wat voortkom uit die Vuur van die Ewige Liefde. Die kragtige Lig is die ewige, volmaaktste selfbewussyn en die helderste selfkennis van God en die ewige Woord in God, waardeur alles wat bestaan, gemaak is.

[5] Omdat dit alles meer eg gemaak moet word, is die magtige Wil van God nodig, en dit is dan die Heilige Gees in God, waardeur die werke en wesens hulle volledige bestaan kry. Die Heilige Gees is die groot uitgesproke woord 'EK IS!' - en dan is dit daar, wat die Liefde en die Wysheid in God ingesluit het.

[6] En kyk, dit alles bevind Hulleself nou in My: Die Liefde, die Wysheid en alle Mag! En daarom is daar maar één God, en dit is Ek, en Ek het maar net hier `n liggaam aangeneem om My aan julle mense van hierdie aarde, wat Ek volkome na My ewebeeld geskape het, uit die oersubstansie van My Liefde, in julle indiwidualiteit van naderby te kan openbaar, - soos wat dit juis nou die geval is.

[7] Dat julle egter ook die drie-eenheid in julle het, en wat heeltemal met My ooreenkom, sal julle dadelik so duidelik moontlik uitgelê word.

[8] Kyk, elke mens het liefde in hom en as gevolg van die liefde ook `n wil; want die liefde op sigself is `n begeerte en verlange, en in die begeerte en verlange lê nou juis die wil. Dit is ook eie aan alle plante en diere, en in `n sekere opsig ook aan die ander materie.

[9] Selfs die ruuste en mees onopgevoede mens het liefde en `n wil. Maar wat doen hy daarmee? Hy is maar net uit op die bevrediging van sy laagste en stoflikste behoeftes, wat homself instinkmatig uit sy growwe liefde in sy wil vertaal, waarvan sy verstand niks anders as `n flou vermoede opvang nie. Kyk maar net of die dade van sulke mense, nie baie slegter is as die van diere nie, by wie die liefde en die verlange deur `n beïnvloeding van bo gelei word!

[10] Maar baie anders staan dit met die liefde en haar wil by die mense van wie die verstand `n helder lig geword het; dit skyn dan deur die liefde en haar wil, en daardeur deur die hele mens. Dan eers sorg die liefde vir die suiwer middele, sy orden die lig of die wysheid, en sy aktiveer die wil. As die mens egter, as ewebeeld van God, ook die moontlikheid in hom het, bestaan hy dan uit drie mense of is hy slegs één mens?' .....

JaHshua as Seun

(*Aanhalings uit "Die Groot Evangelie van Johannes" - Boek 8 - Hoofstuk 27*)

(**JaHshua**:) "As die Seun sedert ewigheid daar was, hoe kon Hy dan verwek word? En wanneer die Heilige Gees ook sedert ewigheid daar was, hoe kon Hy dan van die Vader en die Seun uitgegaan het en Sy oorsprong daarin hê? Wanneer die deur julle aangevoegde drie goddelike persone, waarvan die latere mense maklik drie gode sou kon maak, volgens julle alle drie ewig, dit wil sê sonder begin is, dan kon die één dus nie aan die ander die begin van sy bestaan gegee het

nie!

[2] Ek is, soos wat Ek ook nou by julle is as `n mens in die vlees, die Seun en is nooit deur iemand anders as alleen deur Myself verwek nie en is derhalwe My hoogs eie Vader van ewigheid. Waar sou die Vader anders kan wees as in die Seun, en waar die Seun anders as in die Vader, dus slegs één God en Vader in één persoon?

[3] Die liggaam van My is daarom die verheerlikte gestalte van die Vader ten behoewe van die mense en engele, sodat Ek `n begryplike en sigbare God vir hulle kan wees, en julle kan My nou sien, na My luister en met My praat en daarby tog in die lewe bly! Want voorheen was dit so dat niemand God kon sien en in die lewe kon bly nie. Ek is nou in alle opsigte God. In My is die Vader, en die Krag wat, ooreenkomstig My Liefde, Wysheid en almagtige Wil, van My uitgaan en die ewig eindelose ruimte allerweë vervul en ook oral werksaam is, is die Heilige Gees.

[4] Soos julle My nou ook as Godmens by julle sien, is Ek met My hele oersentraalwese beslis volkome en onverdeeld in julle midde, hier in hierdie eetsaal op die Olyfberg, en bevind My dus as hoogs ware God en Mens tegelyk nêrens anders nie, nie op hierdie aarde en nog minder op `n ander (planeet); maar deur die krag wat van My uitgaan, wat die Heilige Gees is, vervul Ek tog alle hemele en die aardsmateriële en eindelose ruimte met My werksaamheid. Ek sien alles daarin, van

die grootste tot die kleinste, ken alles, weet alles, bepaal alles en skep, lei en regeer alles .....

Doen My Wil en jy sal Lewe

Deur JaHshua aan Nalize gedikteer op 13/5/09

Vreedsaam in Rus, is elkeen wat handel in My Orde. Vreugdevol en verheug in die Waarheid wat daagliks vir hulle oopvou. Uit Barmhartigheid spruit Liefde en begrip, deemoed en geduld, dus uit die keuse en wil om na My Beeld en leer te handel, spruit die volkomenheid van Heiligmaking. Doen My Wil en jy sal Lewe.

Amein.

(Aanhaling uit die boek, "Lewensgeheime" deur Gottfried Mayerhofer, - Hoofstuk 18 , ontvang op 19 Maart 1873)

Die lewe (in die lig van die liefde)

Ek het julle al verskeie woorde oor die tema gegee, en van verskillende kante was julle getoon wat lewe is en wat lewe inhou; en tog is daar nog baie kante van waaruit bekyk kan word dat die lewe `n opmerksame beskouing verdien, om ten slotte verder voort te gaan en `n stap voorwaarts te doen in die kennis van wat lewe inhou, hoe die lewe sigbaar of onsigbaar slegs My eie geestelike `Ek' voorstel en hoe dit ook met verskillende middele en langs verskillende weë, alles weer na My terug moet voer!

In ‘Lewe in die geestelike en in die wêreldse’ het Ek julle laat sien dat elke gebonde lewe hom stap vir stap vrymaak en voortdurend na hoër vlakke dring; Ek het julle die oorsprong en begin van die geestesryk en die wêreldse ryk aangetoon en laat begryp, net soos die noodsaaklike einde van die laaste.

In dié woord het Ek julle `n diep blik in die geheime van My skepping laat werp, en tog ontbreek daar nog `n ander faktor wat hom miskien by die beskouing van die verskillende teenstrydighede in My skepping in ooreenstemming laat bring met My woorde wat Ek vroeër gegee het en julle ook hede nog laat toekom, naamlik die verklaring hoe die sin ‘God is liefde’ te rym is met die verskillende daarteen sprekende teenstrydighede in die sigbare natuur!

Om dit nou vir julle nader toe te lig en begryplik te maak, moet die doel van die woord wees, sodat julle nog duideliker kan insien dat My woorde werklik woorde van `n God, `n hoogste Skepper en ewige liefhebbende Vader is!

Kyk, in die vorige woord het Ek vir julle gesê dat in die materie oral slegs gebonde geeste, telge van My eie goddelike `Ek', die hele sigbare skepping vorm en dat slegs die geesdeeltjies die belangrikste bestanddeel en die hoofsaak is in wat daar bestaan. Die materiële is slegs bysaak, oftewel `n noodsaaklike bekleding om individuele geesdele in die hele universum tot as`t ware op sigself bestaande, afgeslote wesens te maak!

Dit was die vernaamste redes gewees waarom alles geskape was. Die tweede rede was egter om die geskapenes ondergeskik te maak aan `n algemene doel, `n geestelike `waarom' te bepaal waarom alles só in materie geklee word, en derhalwe ook die ewige drang van elke bestaande ding om hom te verander om hom uit die gevangenskap te bevry en op te styg na hoër vlakke waar meer vryheid, meer geestelike genot moontlik en ook toegestaan is!

Vandaar ook die drang en die bedrywigheid in al die geskapenes om sy vorm te verbreek en onbewus `n beter bestaan tegemoet te gaan!

Die strewe en aandrang is nou dit wat hom manifesteer as lewe wat, waar dit hom voordoen, om die redes die drie skeppingsfases in hom dra, dit wil sê: Ontstaan, bestaan en vergaan. Deur die drie eenheid - wie ook deur My eintlike, wesenlike drie eenheid op ooreenstemmende wyse uitgedruk word in Liefde, Wysheid en Goddelikheid en dit ook in elke geskape wese vervat is, naamlik in die vorm van gees, siel en liggaam - druk die lewe hom uit en manifesteer hy hom as `n sigbare werksaamheid, wat bewys, deur eers op My skepping die sigbare stempel te druk, dat daar `n hoër Wese as al die geskapenes moet wees wat Homself slegs op die wyse aan Sy skepsels begryplik kan maak. Die hoër Wese wil slegs deur middel van die sigbare lewe die onsigbare geestelike begryplik en bevatlik maak vir alle wesens aan wie rede, verstand en hart gegee is om te begryp waar hulle vandaan gekom het, waarom hulle daar is en wat die bedoeling van hul bestaan en die

doel van hul lewe, materieel of geestelik, is! Wel nou, aangesien die lewe, soos Ek julle dit laat sien, van My uitgegaan het en weer na My terug moet lei, moet tog ook alle sigbare verskyningsvorme daarvan `n geregverdigde bedoeling, `n geestelike `waarom' hê, `waarom nou juis só en nie anders nie', `n `waarom' wat die opmerksame waarnemer in My skepping tot menige verkeerde gevolgtrekkings kan lei, en dikwels ook al gelei het!

Om hierdie verkeerde gevolgtrekkings nou te ontrafel en die skynbaar disharmoniese weer tot die harmoniese op te los, is die redes waarom die woord weer die titel, ‘lewe’ dra, want die woord kan nóg in sy diepte, nóg in sy omvang en betekenis deur julle begryp word. En Ek het baie erg daaraan, omdat die tydstip nader dat Ek in My skepping geen ‘duisterlinge’, maar ligte geestelike siende wesens wil hê wat My en My skepping sal begryp. Mag daarom ook die sluier wegval van wat skynbaar nie te ontraaisel is nie en mag daar weer `n doek verdwyn wat tot nou toe oor julle geestelike oë gehang het.

Kyk My kinders, toe Ek die wêreld, oftewel die hele universum geskep het, was My bedoeling met die bind van geesdeeltjies nie net dat hulle deur die in hul gelegde drang, die materie net sou verander om `n beter bestaan te verkry nie, nee! Maar terwyl die gebonde geeste `n bydrae moet lewer aan die vergeesteliking van die materie, moes hulle hulle ook self deur `n ander geestelike leerskool voorberei op die volgende vlak. Hulle moes deur lyding, ontbering en allerlei stryd geskool word om nie net die materie voor te berei op `n beter vlak nie, maar om allereers hulself geestelik sterker te maak en so nader aan Hom te kom wat - as simbool van alle hoogste geestes-eienskappe, as liefde, deemoed en genade - hul in alles voorgegaan het en dit bowendien, deur as onbeduidende mens af te daal na die klein aarde en Hom te onderwerp aan die mees nederige omstandighede, tog in die nederigste en onder die grootste smaad die hoogste geestelike karakter van `n God bewys het en dit selfs met Sy aardse dood en wederopstanding beseël het!

Alles wat met My in My aardse lewe gebeur het, van My geboorte tot by die kruis: My leer, My lyding en My stryd, My liefde en My deemoed, My genade, My vergifnis en My afsien en vergete van al My mag, My onnoemlike geduld met die verdwaalde mense - dit was alles op ooreenstemmende wyse in elke kleinste geesdeeltjie geplaas. En wat Ek as voorbeeld op aarde deurleef, gely en bevogtig het, dit was in elke skepsel en in alle materie, waarin steeds `n vonk van My verborge lê, lankal vasgelê, sodat ook die kleinste geesatoom in voortdurende ooreenstemming met sy groot Skepper dieselfde lewensweg sou deurmaak wat die gees eenmaal bokant die materie moet verhef. En sodat so `n geesatoom, triomferend opstygend van vlak na vlak, metterdaad sou bewys dat, net soos daar slegs wette vir die materie, wette van afstoot en aantrekking, bestaan, daar ook morele, hoë, geestelike wette bestaan wat, gegrondves in My ‘Ek’, My eie wese en die bestaan van al die geskapenes bepaal.

So sien julle hoe `n gees, gebonde in gesteente, van wie ‘rus’ die vernaamste beginsel sou wees, deur die invloed van die elemente en die invloed van die diere en mensewêreld uit sy rus verdrywe word. En as julle dit sou kan begryp, sou julle ook sy lyding sien en sy verset teen alles wat vreemd is, steeds teenspartelend tot hy tog aan die druk gevolg moet gee, terwyl onder invloed van lig, warmte en vog, sy bekleding in voortdurende vibrerende toestand die bestaande vorm verander, dit verbreek en aan die gees - al is dit ook dikwels teen sy wil - verskaf wat slegs nodig is vir hom en wat hom as lewensbeginsel opgedra is.

Net soos in die klip of die vaste materie is dit in die planteryk, waar die plantaardige lewe van die gees wat in die plant woon ook deur allerlei omstandighede daartoe genoodsaak word om sy eie bestaan as gees deur lyding en stryd te verstewig.

Want wanneer julle `n plant wreed uit moederaarde ruk, of `n boom omkap, of `n plant die mooiste sieraad - haar verlowing, die blom - ontneem, dan weet julle nie of die plantegees, gesteurd in sy hoogste geluksalige lewe, miskien ook pyn voel, net soos wanneer julle iets onaangenaam oorkom.

As julle die geestelike wêreld met geestelike oë sou kan aanskou, sou julle vir baie dinge huiwerend terugdeins by die aanskoue hoeveel wreedhede julle mense, wat verstandig wil wees, dikwels begaan; en `n laer geplaaste bestaansvorm moet dit stilswyend verdra, omdat hy geen taal gekry het om deur middel van klanke aan vreugde en leed uitdrukking te gee nie.

Kyk na die ewige stryd van die elemente met die harde gesteentes, die lewe van die plante en diere, wat ook geestelike vonke in hulle dra; almal moet hulle stryd en lyding - en nie net die

oppervlakkige mens het die reg om hom te bekla dat die aardse lewe `n lewe vol bedrog en teleurstelling is en dat dit dikwels nie die moeite werd skyn te wees om te lewe nie, maar slegs om te ly!

Die dierewêreld, wat deur julle so met die voete vertrap word, ly dikwels baie male meer as julle en hulle ly dikwels nie net deur die toedoen van die wette van die natuur nie, wat ten behoewe van haar vooruitgang ook lyding en stryd in haar kort lewe ingeweef het, maar meestal ly sy onskuldig deur wat die mens haar aandoen, en wat deur julle slawerny en ander vorms van tirannie, wat julle oral wil afskaf, verreweg in hartelоosheid oortref word!

Aan die dier is behalwe sy eie vyande, waarvoor hul tot voedsel dien en so op `n hoër vlak gebring word, bowendien ook eienskappe gegee wat nodig is vir die voortplanting en instandhouding van `n soort. Dit is die moederinstink, die liefde vir haar jonges, die liefde vir haar natuurlike en kunstig gemaakte woning - `n liefde wat by diere deur die natuur gebied is en dit by julle mense deur julle sedelike posisie ewe-eens vereis sou moes gewees het, maar nou egter tot byna niks weggesak het, waardeur menige dom dier die mens, wat homself so verstandig waan, die mens sou kan beskaam!

En kyk: Die liefde, liefde wat as goddelike vonk van My uitgegaan het, maak die dier sagmoediger ten opsigte van sy naaste omgewing, laat `n ligstraal van vreugde, van welbehae in die klein dieresiel val, sodat ook hy nie slegs die drif na voedsel en instandhouding volg nie, maar nog `n hoër geestelike genoeë ken wat nie aan die materie, maar gees aan gees bind.

Kyk net na die angs van `n dier, sy pyn, sy onrustige ronddwaal wanneer sy broedsel of sy woning verniel word; kyk daarna en skaam julle dat jul self so dikwels met groot onbarmhartigheid so `n daad van wreedheid begaan, omdat julle dink om `here van die wêreld' te wees!

As Ek sulke dinge toelaat en nie straf nie, soos julle sou verdien, dan is dit omdat die lyding, wrang en bitter soos dit is vir die stomme skepsel, tog tot die sterker word van sy siel en geesteslewe moet bydra. Ook die lewe van `n dier gaan nie oor rose nie!

Dit moet julle ewenwel nie die reg gee om die dier daarom te kwel nie, maar julle moet as sterkeres die swakkeres beskerm en nie misbruik maak van hul swakheid nie, en dikwels die tyd verdryf met sinlose moorde by die jag en martelend voer en vetmes ens. ter wille van die wellus van julle verhemelte - die lewe van `n onskuldige wese vergal, wat julle hom nie gegee het nie en waarvan julle dus ook nie die reg het om dit van hom af te neem nie!

Julle mense sou jul moet herinner dat Ek die wêreld nie só geskape het soos sy vir julle nou voor oë staan nie, nee! In die vroegste tye het die mens in harmonie met die dierewêreld geleef; die dier het in die mens nie sy vyand gesien nie, en die mens hoef ewe-eens nie die dier te gevrees het nie. Maar noudat die mens ook teenoor die dier die vertroue in wantroue laat verander het, nou dra hulle ook die gevolge daarvan!

Die vroeëre paradys het bestaan aan die eenkant van die hele geskape wêreld, as `n voortdurende dankgebed tot My; en die wanklank van eiebelang, haat en wraak het slegs die mens self daarin geplant, om welke redes hy ook nie meer heer oor die wêreld, maar die wêreld sy heer geword het!

Vir die diereryk was die gevare wat die bedreiging en die opgawe om die eie lewe en die lewe van die gesin te beskerm, as leerskool voldoende om uit die gelatenheid van die rus gewek te word. Dit was nie nodig dat julle naas My lewenswette nog ander wreedhede toegevoeg het om die skynbaar ver onder julle geplaaste dier nog meer in sy eie lewe te verwond en te kwel nie.

Maar hoewel die stomme verdraagsaamheid en lyding die dierewêreld met betrekking tot haar geestelike vooruitgang tot voordeel strek, is aan die ander kant juis die handelswyse van julle, julle wreedheid en vraatsug, die grootste en vernaamste oorsaak daarvan dat julle mense, wat ‘here van die wêreld’ wil wees, in baie opsigte ver by die dierewêreld agter staan. Ook deur die tot julle neem van `n veelheid van, nie in julle organisme tuishorende elemente, verkort julle jul lewe en roep siektes en lyding op, waarvan die so veragte dier geen vermoede het nie. En, as triomf van julle heerskappy oor die wêreld, is dit julle eie skuld, sodat ook julle, deur die aan julself te wyte foute, weer moet boet vir dit wat julle so moedswillig aan wreedhede begaan het teenoor alles wat onder julle staan!

Neem maar net al die diere wat vir julle tot nut is, wat vir julle werk of vir julle as noodsaaklike voedsel vir julle eie bestaan dien; wat `n hartelose manier van doen kenmerk die `heer van die

aarde' nie!

Hoe beloon hy die vrywillige diensbaarheid van die diere wat hy binne sy leefomgewing gebring het, omdat hy sonder hul kragte niks of baie weinig sou kan uitrig?!

Kyk na die perd, die os, die skaap, ens.; wat `n treurige lot het die eerste, hoe dikwels ondergaan dit nie mishandeling onder `n meedoënlose hand, as vergoeding vir die verlening van die bestaande kragte wat hom ter beskikking gestel was!

Waar is die sedelike besef van die mens? Waar is daar `n soortgelyke wreedheid in die menslike lewe? Onder diere self bestaan dit nie!

Die os wat julle ploeg trek, julle aan brood en voedsel help en gewillig julle laste dra, wat is sy beloning? Karige voer, om ten slotte nog deur julle opgeëet te word!

Julle noem menseters ‘kannibale’, maar wat is julle eintlik méér, julle ‘beskaafde’ stads- en dorpsbewoners?

Hoe gaan julle om met ander diere wat julle vir jul voeding uitgekies het, en wel nie vir die noodsaaklike voeding nie, maar veeleer vir die gekunstelde streel van die verhemelte!

Hoe harteloos gaan julle te werk by die voeding van die diere, en hoe harteloos gaan julle by die verkoop daarvan met hulle om!

Julle hou julle doof as luid die angskreet van `n gekwelde dier in julle ore klink; en julle, wat slegs julle vraatsug en winsbejag voor oë het, vergeet dat ook die dier pyn ervaar, dat dit deur My geskape was vir `n ander doel as maar net dit waarvoor julle hulle gebruik!

Kyk, so is die groot leerskool van die lyding, wat Ekself vroeër as voorbeeld op julle wêreld geduldig verdra het, simbolies ingeweef in die lewe van geskape wesens, na gelang van die vlak van die soort. En as Ek geduldig toekyk hoe dit alles gebeur, hoe duisende diere reeds uit die lewe op die wêreld verwyder word, nog ver van hul bestemming soos My wetmatige duur dit vir hul bepaal het, dan het dit as rede dat Ek uit alle dwalinge van die menslike geslag tog weer `n geestelike nut vir My minder begaafde wesens kan haal. Die straf of vergelding val slegs op julleself terug, waarby julle as mense dan ook dit belewe wat julle die onskuldige diere aangedoen het. En so berei julle vir julself `n wêreld vol lyding en stryd, vol van begeertes en ontberinge, wat natuurlik die omgekeerde of teenoorgestelde is van wat julle gehoop en getrag het om te bereik!

So loop deur My hele skepping die draad deur alle geskape wesens, deur middel van lyding, stryd, ontbering en verwerwing, om die geestelike weg te toon waarlangs slegs en slegs geestelike lewe en geestelike vooruitgang bereik kan word!

Die in die vas geworde materie gebonde gees soek rus as geluksaligheid; die diereryk soek rus en `n rustige volg van sy drifte tot instandhouding, en die mens, die heer van die aarde, soek rus en `n behaaglike tevredenheid in sy dierlik liggaamlike bevrediginge!

Maar `n verhewe, groot wet van die geesteswêreld, wat rus slegs met dood en nie bestaan sou vergelyk, versteur hierdie rus voortdurend en spoor voortdurend aan tot stryd en die optrek teen vreemde indringers; en hierdie teenwerking is die geestelike lewe, wat die deur My in die hele skepping geplaaste geesdeeltjies van My `Ek' weer tot ommekeer, tot verbetering van hul bestaan en tot vervolmaking dwing!

Soos Ek ook vir Adam gesê: "In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien" (Gen. 3:19), wat soveel sê wil as: "Die rus wat Ek jou gegee het, wou jy en het jy nie begryp nie; jy het dit in plaas van vir die lewe, vir die dood van jou geestelike ‘ek’ benut. Hierdie rus moet van jou afgeneem word, sodat jou geestelike ‘ek’ nie verdor onder die woesteny van dierlike hartstogte nie; en strydend en lydend moet jy eers verwerwe wat jou vry uit My hand gegee was, maar wat jy versmaad en verkeerd begryp het!" En soos die wêreld, soos hy nou is, slegs deur die leerskool van lyding ook vir julle mense tot iets beter kan lei en dit dus noodsaaklik was, so was en is daar ook by die diereryk `n eie lewensperiode, wat na gelang van die omstandighede, die een of die ander dier meer te verdra en te ly gee, namate dit meer in staat sou moet wees om `n hoër vlak te bereik.

Wat die bedryf van gewelddadighede en wreedhede van die menslike ras ten opsigte van die onder hom staande dier betref, dit het stap vir stap gelyk opgegaan met die verval van sy eie waardigheid en dit het die mense geestelik en liggaamlik in `n posisie gebring wat nou ook spoedig sy einde tegemoet sal gaan. Die menslike geestelike waardigheid moet weldra weer haar plek inneem wat

hy, die mens, nie slegs teenoor sy naaste, maar ook teenoor alles wat onder hom staan, daadwerklik sal uitoefen. Daardeur sal die aarde met geestelike mense bevolk word en sal ook die diereryk minder vyandig teenoor hulle staan; en so sal die mens die vroeëre verlore paradys in die vereniging van alles wat leef as groot geestelike lewenskool aanvaar! Alles streef nou daarna! Die geestelike wind tot regenerasie breek uit alle hoeke tevoorskyn. Die mense, tenminste die meeste van hul, weet nie hoe om dit te verklaar nie; enkeles onder hul weet ewenwel, en in die besonder julle wat Ek onder My eie hoede geneem het, julle sal almal gewaar word wat die ‘geestelik lewe’ wil sê - sodat julle die tekens mag herken waarin alles daarop gerig is om die menslike samelewing saam met die diere en plantewêreld wat haar omgewe, weer om te vorm tot dit wat hulle vroeër was, naamlik tot `n tuin vir My kinders, tot `n woonplek vir My skepsels. Julle is almal volgens één liefdeswet geskape en ook na die beeld van dieselfde Een opgevoed en gevorm en sal aan My eenmaal alles wat Ek uitgestuur het, ryklik met rente terugbring, sodat Ek My geestesryk vanuit die materie volledig makend, die materie self vergeestelik weer ontvang. So sal `n wêreld van geeste My dan omgewe wat - My waardig en in ooreenstemming met hul eie lewensopgawe - die doel voor oë sal hê waardeur die kleinste in vaste materie gebonde gees, net soos die engele wat die naaste aan My staan, hulle almal van hul eie bestemming bewus sal wees, My leer ken en liefhê, en dit in alles, ook al is dit materieel, slegs `n kleuterskool en oefenskool mag sien waardeur wesens, geskape deur één God, Sy kinders kan word!

Span julle ook daarom in om te beryp en geestelik te verstaan wat die geestelike lewe is, dat sowel die kleinste wurm asook julle as menslike en goddelike ewebeelde tot doel gestel word. Leer julle menslike waardigheid insien, hoe julle jul sou moet gedra teenoor die skynbaar lewelose, maar tog ook lewende wese onder julle, sodat julle, gedagtig aan julle afstamming, steeds as geestelike wesens mag handel. Want die adel van die siel word nie sterker deur slegs regverdig te handel wanneer politieke of familiewette edel handelinge vereis nie, nee, maar slegs dan, wanneer geen bestaande wet, behalwe sy eie gewete, die mens bestraf wanneer hy wreed is; slegs dan, wanneer die mens geen ander regter het as sy vrye wil, en hy slegs daarmee voor sy God en Skepper sal staan, uit vrye aandrang, gedring vanuit `n edele liefde, om barmhartigheid te beoefen, ook teenoor die geringste dier of wese waarin lewe vermoed word en ook edelmoedig daarvolgens te handel, dit te verhef en dit te beloon. Nie dat julle geen wurm vertrap het nie, nee, maar dat julle, gehoorsaam aan hoër lewenswette, van julle hartstogte meester geword het, dit is die bewussyn wat julle bokant die massa verhef, dat jul liefde en barmhartigheid sal beoefen en dit so tot `n tweede natuur sal word; dan sal julle julle medemens nie weerhou wat julle `n swak en onmondige dier ten deel laat val nie!

Wat maak My nou eintlik tot die groot God, tot die groot Skepper?

My mag miskien? My almag? Nee! Ek is slegs waaragtig groot, omdat Ek liefhebbend as `n Vader ook die kleinste infusiediertjie met dieselfde liefde en dieselfde geduld langs sy kort weg lei as wat Ek vir die hoogste engelegees sy weg uitgestippel het, en aan alles wat deur My geskape is nooit My mag, maar steeds My liefde, My genade en My geduld laat voel.

Dit maak My groot vir julle denkende wesens; dit maak My tot die liefhebbende Vader, tot Wie julle innig kan bid; maar nie My almag, vir Wie se streng regtersblik julle jul as sondaars sou moet verberg nie!

Word soos Ek: Vergewe, wanneer julle wil vergeld; verontskuldig, wanneer julle wil bestraf; en vergeet, wanneer julle uit liefde nie aan onreg herinner wil word nie!

Verhef julle so as vrye wesens bokant die druk gewoel van die massa; kyk na die wêreld met geestelike oë en stapel by onskuldige wesens geen lyding bo-op hul noodsaaklike stryd, wat Ek in die lewe van die dier gelê het, sodat ook die kleinste, maar gebonde gees daar ook in sy geestelike kragte geoefen, gesterk en stewig gemaak word om op `n hoër vlak maklik sy weg te kan vind.

So moet julle eie lewensloop `n ketting van ongesiene weldade word wat julle om’t ewe aan wie, mens of dier, ten deel laat val, omdat julle gedagtig aan My eie voorbeeld allereers die adel van julle eie hart bewaar en as kinders van God ook dienooreenkomstig goddelik wil handel waar die geleentheid dit toelaat.

So bevorder dit julle geestelike lewe in die algemeen en in die besonder, in ander mense en in jul eie gemoed. Die bewussyn van sulke dade, waaraan barmhartige liefde en geduld ten grondslag lê,

gee die rus wat Ek ook nog self as mens aan die kruis gehad het en waardeur Ek ook daar kon uitroep: "Vergeef hul, o Meester, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"

Die hoogheid van die goddelike selfbewussyn wat My toe tot die uitroep gebring het, mag julle in sy hele diepte volkome duidelik maak hoe hoog `n mens moreel kan staan, wanneer hy ondanks beproewinge en lyding, nog in plaas van om vergelding, om vergewing kan smeek!

Leer om die geestelike lewe te begryp! Oefen in die kleine, en dit sal julle verhef en gelukkig stem. Want wat Ek as mens met My goddelike mag teenoor My medemens was, dit moet julle wees teenoor julle omgewing, ja teenoor die minste lewende wese, dit wil sê: Ywerige beskermers van die swakke en verdedigers van die lydende!

Só moet julle My lewensverhaal opneem! Dan sal strale van lig oor julle uitsprei, wat julle, My voorbeeld navolgend, ewe-eens tot hoogste saligheid kan aanwend, deurdat julle slegs goed, slegs weldade om julle heen versprei, jou eie ek-wese verhef en My nader aan jou bring. Want dan doen julle, in My voetspore volgend, dieselfde as wat Ek gedoen het en steeds doen, dit wil sê dat julle jul waardigheid as mens en as gees handhaaf en julself verhef tot dit wat Ek van julle wil maak, naamlik kinders van `n ewige God en steeds liefhebbende Vader. Amen!

Deel 2

Wassing deur My

Wit, die kleur vir reinheid

Deur My gewas

Deur JaHshua aan Nalize gedikteer op 10/5/09

Was julle klere, was julle handewerk en harte. Was julle gees in My Gees. Ek wil julle klee, Ek wil julle nadertrek en aan julle die geheimenisse en verborgenhede van My Ryk meedeel. Julle, jy wat hier lees, het gevorder op verskillende vlakke, soos deur My aangeraak of geopenbaar. Julle het nodig om weer stil te raak en My te soek, dieper in jouself as wat jy nodig vind. Ek sal My Lig ook daar vir jou laat opgaan, sodat My koms vir jou duidelik word. Waarheid is te vinde in jouself as jy My Gees raadpleeg. Amein.

Voorwaar, daar is geeneen groter as die Een wat Homself verloën het vir die Liefde van Sy Vader, sodat almal deel kan hê aan die Boom van die Lewe nie. Wie en wat is hierdie Boom? EK IS die Boom, want uit die donker aarde ontkiem en groei die wortels, totdat dit deur baie lae van die stam ontwikkel tot kroon van die skepping, fyn, lig-deurlatend in die wind of lug van die onderste hemele.

As Ek dan die Boom is waarvan julle deelagtig word deur die kleinste poort van die Liefde voor die Vader of Krag, sal julle werke mos die vrugte van die Krag en Liefde en jouself, die Wysheid, word, deur die gees wat met die Gees verenig. Ek is dit alles en daarom, die Lewe.

Wees jy deelagtig aan die Boom en jy sal groei in die aarde of duister wêreld tot jy deel word van die Kroon wat in die hemele pryk. Slegs deur nederigheid word ‘n boom groot en sterk, want winde, weer en ander invloede dwing altyd ‘n boom in nuwe rigtings en dit moet diensbaar wees en aanpas.

As jy besef dat jou krag in die behaging van alles rondom jou se wil lê, maar tog deur gehoorsaamheid aan die orde waaronder jy staan ontwikkel, sal jy vinniger deel van die kroon word, want jy sal Lewenswater word.

Amein.

Die doop of wassing

(Uit die "Groot Johannes Evangelie", Boek 4, Hoofstuk 110)

110 [1] **Cyrenius** vra: "Meester, ek glo alles wat U, o Meester, onderrig; beteken dit dan dat ek

gedoop is?"

[2] **JaHshua** sê: "Nee, jy is weliswaar nog nie gedoop nie, maar dit is nie waaroor dit nou hier gaan nie! Want wie glo soos jy, beste vriend, is in die gees so goed as gedoop en wel met alle seëninge van die doop.

[3] Die Judeërs het wel die besnydenis, wat `n voorloper is van die doop en wat op sigself en vir My geen enkele waarde het as die besnedene nie ook terselfdertyd `n besnede hart het nie. Ek bedoel met `n besnede hart `n gereinigde en met alle liefde vervulde hart, wat meer werd is as alle besnydenisse vanaf Moses tot en met nou. Na die besnydenis het die waterdoop van Johannes `n tyd lank gekom, wat deur sy leerlinge (dissipels) voortgesit word. Hierdie doop beteken op sigself egter ook niks as die verlangde boetedoening dit nie reeds voorafgaan het nie, of tog heel seker daarop sal volg nie.

[4] Wie hulle dus met water laat doop met die ernstige voorneme om hulle te verbeter, begaan daarmee geen fout nie; hulle moet net nie glo dat die water hulle hart sal reinig en hulle siel sal versterk nie. Dít gebeur slegs deur die eie, algeheel vrye wil; die water bewerkstellig net `n teken wat aandui dat die wil, wat die lewende water is van die gees, nou die siel op gelyke wyse van die sonde gereinig het soos wat die natuurlike water die kop en die res van die liggaam van stof en andersoortige onreinhede reinig.

[5] Wie die waterdoop daadwerklik ondergaan het, is volkome gedoop, as die wil tydens of reeds vóór die doophandeling in die hart van die dopeling sy werk gedoen het. As dit nie die geval is nie, dan het die waterdoop op sigself ook nie die minste waarde nie, en bewerkstellig geen seën van die materie, en nog minder die een of ander wyding daarvan nie.

[6] So ook het die waterdoop by onmondige kinders heeltemal geen waarde nie, behalwe net die van `n uiterlike teken van opname in `n goeie gemeente, en dat die kind die een of ander naam kry wat vir die lewe van die siel duidelik nie die geringste waarde het nie, behalwe slegs `n uiterlike, staatkundige waarde. Daarom sou `n mens die kind ook sonder die besnydenis en sonder die waterdoop van Johannes `n naam kon gee, en dit sou vir My heeltemal geen verskil maak nie; want nie die naam wy die siel van `n mens nie, maar slegs die vrye, goeie wil om na beste wete sy lewe lank goed te handel. Iedere naam kan deur die wil en die handel gewy word; maar omgekeerd is dit onmoontlik en nooit die geval nie.

[7] Toe Johannes gedoop het, het hulle na hom en ook na sy leerlinge kinders gebring om te doop, en hy het hulle dan ook gedoop as daar vir die kind gewetensvolle voogde instaan, wat plegtig beloof om vlytig alle sorg vir die geestelike opvoeding te dra. Nou, in hierdie geval kan `n kind ook wel vanweë die naam in water gedoop word; maar dié doop wy die siel en die liggaam van die kind nie langer as totdat die kind tot die ware kennis van God en homself en tot die gebruik van die vrye wil gekom het nie. Tot dié tyd moet die voog uiters gewetensvol daarvoor sorg dat die kind in ruim mate voorsien word met alles wat ter verkryging van die ware wyding nodig is - omdat die siel van die voog andersins alle verantwoording op hom gelaai kry.

[8] Dit is daarom beter om die waterdoop eers dan te laat verrig wanneer `n mens self in staat is om alle voorwaardes tot wyding van sy siel en sy liggaam vanuit eie insig en uit vrywillige selfbeskikking te vervul. Trouens is die waterdoop vir die wyding van die siel en die liggaam glad nie nodig nie, maar alleenlik die insig en die handeling volgens die korrekte kennis van die Waarheid uit God. As daar egter met water gedoop word, hoef dit nie spesifiek met Jordaanwater te gebeur vanweë die feit dat Johannes in die Jordaan gedoop het nie, maar dan is alle vars water goed daarvoor, fonteinwater egter tog beter as putwater, omdat dit vir die liggaamlike gesondheid meer bevorderlik is as die minder skoon water uit die reënput.

[9] Die egte en vir My alleen-geldige doop, is dié met die vuur van die liefde tot My en die naaste, en met die lewende, vurige wil, en met die Heilige Gees van die ewige Waarheid uit God. Hierdie drie punte is dit wat in die hemel vir elkeen `n geldige getuienis gee. Dit is: Die liefde, as die ware Vader; die Wil, as die lewende en daadwerklike Woord of die Seun van die Vader; en ten slotte die Heilige Gees, as die korrekte begrip van die ewige en lewende Waarheid uit God, maar dan lewend werksaam in die mens en alleenlik maar in die mens! Want wat nie in die mens is, en nie uit die algeheel eie wilsimpuls geskied nie, het vir die mens geen waarde nie, en omdat dit vir die mens geen waarde het en kan hê nie, daarom kan dit ook vir God geen waarde hê nie.

[10] Want God Self as sodanig beteken vir die mens só lank niks, totdat die mens God deur die leer leer ken het, en deur die liefde Sy wil algeheel sy eie maak, en deur die lewendige, vurige wil al sy doen en late geheel en al skik na die wil van die Allerhoogste, wat hy nou ken. Eers daardeur word God se ewebeeld lewend in die mens, en groei en deurdring weldra die hele wese van die mens. Onder dié omstandighede gebeur dit dan ook dat die mens na al die dieptes van die Godheid deurdring; want die ewebeeld van God in die mens is volkome gelyk aan die beeld van één en dieselfde God van ewigheid.

[11] As dít by die mens plaasvind, is alles in hom gewyd en is die ware doop van die geestelike wedergeboorte bereik. Deur dié doop word die mens dan `n egte vriend van God en is hy innerlik net so volmaak soos die hemelse Vader volmaak is. En Ek sê vir julle uitdruklik dat julle almal met al julle kragte daarna moet strewe om ewe volmaak te word soos wat die Vader in die hemel volmaak is! Wie nie so volmaak word nie, kom nie tot die Seun van die Vader nie.

[12] Wie is dan die Seun? Die Seun is die Liefde van die Vader. Hy is die Liefde der liefde, Hy is die Vuur en die Lig, Hy is die Seun van die Liefde of die Wysheid van die Vader. As die ewebeeld van die Vader dus in julle is, dan moet dit in alles net so volmaak word soos die ware Vader Self, omdat dit anders geen ewebeeld van die Vader sou wees nie; maar as dit as ewebeeld nie volmaak is nie, waar moet die mens dan die wysheid vandaan kry of hoe moet die mens dan tot ware Wysheid kom?

[13] Soos wat die Vader Homself altyd in My vind, so vind Ek Myself ook in die Vader, en so moet julle, julle in julleself vind, dan sal julle julleself daardeur ook in God vind en God sal Homself in julle vind. Soos wat Ek en die Vader één is, so moet julle ook eers in julleself één wees met die ewebeeld van die Vader in julle. As julle dít is, dan het julle ook met My en met die Ewige Vader één geword, omdat Ek en die Vader in My van ewigheid af volkome één is!"

Dra jou las tot omvorming van jou werke

Deur JaHshua aan Nalize gedikteer op 18/5/2009:

Ek spreek met die hele Israel wat hoop op uitkoms en verlossing uit die verdrukking in hul land: Julle Maker roep met die woorde: Kom, My kudde, kom gou! Kom net na My met elke las en moeite en Ek sal julle rus gee in die wete van hoe, hoekom en vir wie jy dit dra. Dáárdeur dra Ek dit deur jou, want in oorgawe is jy vry. Amein.

My kudde, die Liefde van My Skepping, wees gereed om waardig aan My werke, julle taak te verrig. Wees eerste om die Liefde in jou te herontdek, wees eerste om reinheid uit te straal en eerste om vrede te bewerk, dan sal jou geloof uit jou werke spreek. Amein.

Laat My Woord die Lig wees

Deur JaHshua aan Nalize gedikteer:

Ek kom om te oordeel. Ek openbaar Myself deur die Woord aan My knegte, daarom is die Woord die oordeel oor jou, want EK het die Woord gespreek wat julle oordeel. ‘Kom na My met al jou verdriet en vreugde sal jy vind’ het Ek ook gesê, maar hoe is Ek oordeel en vreugde?

Ek is beide, want hou by die Woord, dan is die oordeel kragteloos oor jou, omdat jy een is daarmee. Vreugde sal jy dan vind, want die verdriet wat die vleeslike bring, vervaag as jy voor My verskyn. Laat My Woord die Lig wees wat van My uitgaan na jou toe en jy sal veredel in daardie vreugde. Amein.

Die volle wapenrusting

Deur JaHshua aan Johan gedikteer op 5/5/09:

Ek Jesus/Jahshua is die Liefde, Lig en Lewe. Diegene wat My weg bewandel, - strome van lewende water sal uit sy binneste vloei, en almal sal My in so ‘n persoon kan sien en ervaar, as jy van goeie wil is.

Die stil gebede in jou hart is musiek in My ore, hou dit nederig en opreg. Dit is dan wanneer Ek gebede verhoor. Vra My krag vir elke dag om teen die besoedelde boosheid stand te hou, en pleit die volle wapenrusting oor julleself by **Efe. 6:10-18**.

Joh 12:35 *En JaHWèshua sê vir hulle: Nog 'n klein tydjie is die Lig by julle. Wandel so lank as julle die Lig het, sodat die Duisternis julle nie oorval nie. En wie in die Duisternis wandel, weet nie waar hy gaan nie.*

Joh 5:24 *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie My Woord hoor en HOM glo wat My gestuur het, het die Ewige Lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die Dood in die lewe.*

1Kor 4:5 *Daarom moet julle nie voor die tyd oordeel, voordat die Meester kom nie, wat die verborge dinge van die duisternis in die lig sal bring en die bedoelinge van die harte openbaar sal maak; en dan sal elkeen lof van God ontvang.*

Spr 3:5 *Vertrou op JaHWeH met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie.*

Spr 3:6 *Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak.*

Wanneer julle om vergewing vra, glo met jou hart en jou hele wese dat jy vergewe is van jou sondes en moenie weer aan jou sondes dink nie, dink liewer aan My, die Liefde, en doen naasteliefdediens en so is julle dan besig om My Koninkryk nader te trek vir julle sieleheil. Die Redding is nie ver weg nie, dit is binne bereik vir elkeen wat daarom vra.

Ek, die Liefde, nooi julle uit. Ek, Jahshua, met Liefde.

Amein.

Skuldgevoel

Deur JaHshua aan Johan gedikteer op 5/5/09

***Skuldgevoel**: Gevoel dat `n mens skuld aan iets het. Daarvoor verantwoordelik is. (HAT)*

Dit is ‘n sondige gevoel wat jy oor jouself gebring het met jou ongeregtigheid waarmee jy besig is, met ander woorde, julle is dan nie besig met My of My Liefdesorde nie. Daar is gevalle waar daar vir My om vergewing van sondes gevra is, en daarmee saam beloftes van verbetering, dan gaan die persone en luister vir ander “mense”, wat ‘n skuldgevoel by die persone opwek, die ‘saad’ is geplant, hulle dink dan dat Ek hulle nie vergewe het nie en verwag die ergste straf.

Die wat die skuldgevoel opgewek het, het verkondig dat Ek ‘n God van Geregtigheid alleen is en maklik verdoem en niemand ‘n kans gee nie! Die persoon met die skuldgevoel kan nie die saak uitgewerk kry dat Ek ‘n liefdevolle, barmhartige God is nie. Ek is dan die groot Almagtige Skepper en stel glad nie in sulke klein nikswerd mense belang nie!

Hierdie is alles simptome van eieliefde en ‘n minderwaardigheidskompleks.

Kom laat Ek julle gerusstel: Julle is die kroon van My skepping, die Liefde van My hart, My liefdevolle kinders en knegte vir wie Ek baie lief is. Wanneer daar vir My gevra word om te vergewe, sal Ek, as dit in alle opregte nederigheid gevra word. Julle sal nie ongestraf bly nie, want daar moet reiniging van siel en liggaam plaasvind vir geestelike groei in `n liefdevolle, positiewe rigting.

Julle wil is die faktor vir verbetering waar julle dan besig moet raak met liefde, kalmte en geduld wat dan die boosheid sal verdryf. In die proses sal julle al hoe meer vergeestelik en nader aan My kom om op My weë van Liefde te begin wandel en te ervaar.

Die mense - jou familie, vriende en kennisse - wat jou ken en met jou te doen het, sal ook die positiewe verandering in jou waarneem en meer liefkry, want jou lig het begin skyn.

Ek, Jahshua, met baie liefde.

Amein.

Deel 3

Versoening met My

Blou, die kleur vir Vrede

Waar is Ek te vinde, sodat jy met My kan versoen? Waar is die egtheid van My Wese vir jou bereikbaar? Jaag die Vrede na en jy sal die antwoorde hierop vind. Ek is die enigste wat jou kan

bring tot rus, want net buite die sfeer van vervolging, naywer en hoogmoed KAN jy vrede ervaar. Maak My beeld egter lewend in jou, deur die poorte aan jou getoon en jy sal die draer van Vrede word vir elke smagtende siel. Amein.

My beeld

Deur JaHshua aan Nalize gedikteer op 11/5/09

My geliefde wat die Woord in jou opwek tot Lewe in My: Die ware beeld van ootmoed straal uit jou gesig, omdat jy waaragtig is aan die vonk van Liefde in jou. Soek maar net daar waar jou hart jou heen laat neig om My teenwoordigheid die hele tyd te voel en jy sal besef – Ek het vir jou gekom. Is My koms dan onverwags? Nee, jy werk of arbei om MY te vind, dus is My koms 'n verwagte openbaring op My tyd. Jy sal vrede ervaar in die wete dat Ek jou bearbei en verlig, wanneer jy lankmoedig die oomblikke aanvaar, soos wat Ek dit toelaat om te vloei. Leef so, as Ek, in Mý tyd déúr jou wese of persoonlikheid.

Niks is groter as die dade van die regskapene in My orde, wat tot Lewe wek nie. Amein.

Die Vierkleur in jou

Deur JaHshua aan Nalize gedikteer op 28/03/09

Die daadwerklikheid van Liefde lê in die vierkleur. Die kern is die reinheid van jou liggaam, siel en gees in die daad (WIT). Die toppunt is die Liefde (ROOI), want daarsonder is die daad nie daadwerklik nie. Die basis is die Koningskap en vrede (BLOU), want sonder jou wete van herkoms of identiteit, het jy geen dryfkrag om lief te hê, skeppend te wees of daadwerklik jou naaste te dien nie en laastens omvou GELOOF (GROEN) al drie, sodat jy met vertroue, in teenstelling met selfvertroue, die daad afhandel in die werklikheid. Dáár waar Ek in die Gees deur jou handeling en geloof die ware uitkoms bewerk. Vertrou My. Amein. Hierdie is om in My Wil te handel.

My kudde, die Liefde van My Skepping, wees gereed om waardig aan My werke, julle taak te verrig. Wees eerste om die Liefde (ROOI) in jou te herontdek, wees eerste om reinheid (WIT) uit te straal en eerste om vrede (BLOU) te bewerk, dan sal jou geloof (GROEN) uit jou werke spreek. Amein.

Die Vierkleur sál weer wapper!

'En moet jul val, val dan met eer,
met die oog op die vyand toegekeer;
val op die grense, man en perd,
die oue **Vierkleur** is dit werd,
en die eerkroon wink al uit die vert.
Val burgers, val dan bymekaar -
die **Vierkleur** is weer in gevaar!
'Maar eens herleef die nasie weer,
waarvan ek sterwend profeteer.
Eens word die grys-blou heuwels klein
as God alleen weer groot verskyn!"

(Totius uit Trekkerswee)

Die Bloed vlag

"Die volk sal dinge in sy eie hande neem, en die wat nie wil padgee nie, trap hulle dood. Dan sal daar 'n groot stilte heers net voor die storm wat geweldig maar kort van duur sal wees. Daar sal een emmer bloed omval en daarin sal ons vlag gedoop word en die bloedvlag sal dan wapper oor 'n vrye volk". (Profesie van Siener van Rensburg uit "Die Vierkleur sal weer wapper" van AWG Raath)

Vanuit die voorafgaande kan ons sien dat die Vierkleur `n baie sentrale rol speel in beide die

geestelike en die fisiese fasette van ons Boerevolk. Ons volk, die Boerevolk, as eindtydgetuies van JaHWeH, se geestelike roeping word uitgebeeld deur die Vierkleur in onsself, naamlik die liefde, die reinheid, die vrede en die geloof wat lewend in ons sal moet wees. So staan ons ook onder die vlag met hierdie kleure, wat ook `n geskiedkundige Bybelse inslag het. Dit verleen `n baie dieper betekenis aan profesieë rakende die Vierkleur. Dit sal ons dus loën om verder na die geskiedenis van die Vierkleur te gaan kyk, om die band tussen ons Boerevolk met die ou Israelvolk van die Skrif te vind. Die teenstander, Satan, dra ook kennis hieroor, en dit kan gesien word aan die kleure van die nuwe vlag van Suid-Afrika.

Geskiedkundige oorsig

Nadat Isak die twaalf seuns van Jakob in **Genesis 49** geseën het, was elke seun se seëning later in `n persoonlike embleem vervat. Elke seun se nageslag, wat toe stamme genoem is, het ook hul stamvader se embleem as hul veldteken of vaandel aangeneem. In **Numéri 2:2** word die Israelvolk (die twaalf stamme) in die woestyn beveel om by hul vaandels en veldtekens te kamp, elke stam volgens sy eie teken.

> **Num 2:2** *Die kinders van JisraEl moet laer opslaan elkeen by sy vaandel by die veldtekens van die huis van hul vader; op 'n afstand rondom die Tent van Samekoms moet hulle laer opslaan*

Verder was die twaalf verdeel in vier hoofgroepe. Die vier hooftekens met hul kleur agtergronde was as volg:

Leeu	met	**rooi**	agtergrond
Man	met	**wit**	agtergrond
Arend	met	**blou**	agtergrond
Os	met	**groen**	agtergrond.



Hierdie vier hooftekens wat die twaalf stamme op aarde in vier hoofgroepe verdeel het, was `n afbeelding van die hemelse en in **Esegiël 1** en in **Openbaring 4** vind ons die volgende:

> **Esg 1:5 .....** *En uit Haar midde het die gestalte van vier Wesens gekom*
>
> **Esg 1:10** *En die voorkoms van hulle gesigte het gelyk soos die gesig van 'n **adamiet**; en al vier het die gesig van 'n **leeu** gehad aan die regterkant en al vier het die gesig van 'n **kalf** aan die linkerkant; ook het al vier die gesig van 'n **arend** gehad.*
>
> **Op 4:6** *en voor die Troon was daar 'n see van glas soos kristal, en in die middel van die Troon en rondom die Troon vier lewende Wesens vol Oë van voor en van agter.*
>
> **Op 4:7** *En die eerste lewende Wese was soos 'n **leeu**, en die tweede lewende Wese was soos 'n **kalf**, en die derde lewende Wese het 'n gesig gehad soos 'n **adamiet**, en die vierde lewende Wese was soos 'n **arend** wat vlieg.*

In die boek van **Henog 40** sien ons dat hierdie vier Wesens, die ware van die hemelse, dan ook niemand anders is as die vier engele van God nie.

> *8 ..... Wie is hierdie vier Wesens wat ek gesien het en wie se woorde ek gehoor en neergeskryf het?*
>
> *9 En hy sê aan my: Die eerste is **MikaEl**, die barmhartige en lankmoedige. En die tweede, wat aangestel is oor al die siektes en al die wonde van die kinders van die adam, is **RafaEl**, en die derde wat oor al die Kragte aangestel is, is **GabriEl**; en die vierde, wat aangestel is oor die wat berou het met die hoop dat hulle die Ewige Lewe sal ontvang, se naam is **FanuEl**.*

10 En hierdie is die <u>vier Boodskappers/Engele</u> van die Elohey/God van die Geeste en die vier Stemme wat ek in daardie dae gehoor het.

Hieruit kan ons dus aflei dat die vier kleure, sowel as die vier embleme hierbo genoem, baie Skriftuurlik-fisiese en –hemelse simboliese betekenis het. Hierdie simboliek kom dan ook voor in die Boerevolk van Transvaal se landsvlag EN hul landswapen (sien skets hiernaas).

Op 6 Januarie 1857 word die Vierkleur gehys in Potchefstroom op Kerkplein. Hierdie vlag, sowel as die Transvaalse landswapen, was ontwerp deur Ds. Dirk van der Hoff, `n Hollandse predikant wat in 1853 in Transvaal aangekom het. Daar kan geensins twyfel wees dat hy deur `n Hoërhand geïnspireer was met die ontwerp van beide nie.

Hierdie wapen en vlag simboliseer ook die versameling van die verstrooide volkere van Israel na Suid-Afrika aan die eindtyd (**Sefanja 3**). In vorige boekies in hierdie reeks is daar reeds oor hierdie versameling van volkere geskryf. Let op na die embleem van ou Israel en kyk na die ooreenkomste met die Transvaalse wapen. In die Transvaalse landswapen is die os vervang met `n ossewa en die anker (JaHshua) het bygekom.

Bo: Die ZAR-wapen.

Konflik met Satan se vlag

Wanneer ons egter verder na die nuwe vlag van Suid-Afrika kyk, sal ons sien dat die ontwerp baie spesifiek gekies was om `n simboliese boodskap uit te dra, naamlik die vernietiging van die Vierkleur vanuit die linkerkant met `n swart assegaai met `n geel rand. Hierdie spesifieke kleur assegaai kom ook op die PAC-kommuniste se wapen voor. Die penetrasie van die swart (duisternis) vind plaas deur die geloofsbaan (groen) en dring deur tot in die wit baan (reinheid/blankheid) om sodoende `n vlag te vorm met ses kleure.



Met die oorname van die Boerevolk in 1994 deur `n kommunistiese swart regering, gefinansier en aangehits deur die wêreldmagte onder Satan, is dit dus duidelik vanuit hul nuwe Suid-Afrikaanse vlag dat hulle beoog het om die geloof (groen) en reinheid (wit) van die Boerevolk te vernietig,

daarna hul liefde (rooi) vir hul Skepper en om uiteindelik die vrede (blou) weg te neem wat in ons land geheers het toe God nog geëer was deur die Volk.

Uit al hierdie inligting is dit dus duidelik dat die Vierkleur wat weer sal wapper oor `n vrye volk, beide `n geestelike en fisiese betekenis het. Geestelik gesien sal wedergebore Boere en Boervroue, geanker in JaHshua, met al vier die kleure lewend in hul harte, as geestelike leiers van die Boerevolk, betrokke wees met die uiteindelike versameling van die verstrooide Israel na Suid-Afrika onder die Vierkleurvlag. Fisies gesien sal dit eers plaasvind nadat God ons as vrye volk opgerig het onder die Vierkleur.

Deel 4

Woord uit My

Groen, die kleur vir Geloof

My volk, die roepstem van julle Verlosser, Jahwéshua, is gegee. Die keuse lê by jou of jy gehoor gaan gee om tot die Wese van die boek Openbaring, te omvorm. Ek sal jou rig en lei op daardie pad. Glo maar en vertrou en stap die pad vir My. Amein.

My Woorde

Deur JaHshua aan Nalize gedikteer op 12/5/09

Die Waarheid van My Woord is ewig en Ek doen al My Woorde gestand, hetsy dit ontvang is in die vlees of in die Gees. Die waarnemer se oog en oor moet net gerig wees op My om te begryp hoe die woorde waar word. As jy daarom iets lees wat nie eenstemmig is met die res van die Skrif en geskrifte nie, maar jy het van My ontvang dat daardie Woord is, wat nie uit ‘n mens kom nie en wel van My afkomstig is, dan hoef jy eerstens nie lank daaroor te tob nie, maar My self te kom raadpleeg daaroor en tweedens moet jy dan die geestelike oneindigheid van alle bestaan in ag neem, waarin die geskrewe Woord waar sal word.

Hierdie geestelike oneindigheid strek ver verby die mens se ontwikkeling en verstand. Die kroon van die aardse skepping is die Mens as wese met ‘n eie wil om te kies hoe hy die Lewe wil benut. Die enigste bestaan wat ná die aardse voorlê, is egter geestelik, soos die lewe in alles wat bestaan voorstu om omhoog te vorder. Die mens se keuse moet dus aangewend word om hom ‘n plek in die oneindigheid te besorg of die deur na die nuwe ontwikkelingsvlakke oop te sluit. As die mens hom nie deel maak van geestelike denke en groei in sy aardse bestaan nie, sal hy sterf en hier in geestesvlakke van duisternis ronddwaal, waar hy met sy eie soort, in onkunde, sal saamleef, totdat hy glo en streef na iets groter en oneindig. Die Mens wat egter gevorder het in die Gees om reeds te glo en te ontwikkel in diens van die oneindige Godheid, sal werk aangebied word op verskeie plekke, afhangend van sy/haar geestelike vorderingsvlak. Hierdie werk is ook altyd veranderend, na gelang van die geestelike groei van die gees. As die gees totaal met My verenig het, sal die werk van die gees op alle ingeslote vlakke moontlik wees en sal die gees ook My Leer verteenwoordig waar hy hom– of haarself bevind.

My bedoeling met hierdie reeks was om jou, leser, trapsgewys te verwelkom in die oneindige geestelike bestaan, waar My Woorde en Werke Lewewekkend is. Jy kan verenig met My deur al die stappe te volg wat uiteengesit is, en deel word van die Ewige Heerskappy wat nooit ophou groei nie, of jy kan voortgaan met jou aardse lewe en strewes en op ‘n latere stadium besef dat hierdie geskrifte Waarheid is. Jy is welkom om My in Liefde te bly bemin, soos wat jy My geken het, maar die feit dat jy nie besef wat EK werklik IS nie, beteken nie dat My Wese nie IS wat dit IS nie. Ek het My Wese aan jou uitgestip en verwelkom jou vir volwaardige diens in My Ryk, reeds op aarde. Amein.

Alles om jou Lewe, al lyk dit doelloos en dood. Lewe jy ook? Amein.

Hierdie is jou bewussyn van wat was, is en sal wees. EK IS.

Amein